HESSEQUA MUNISIPALITEIT

VAKATURE

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van 'n geskikte persoon in die volgende vakature:

Bibliotekaris: Heidelberg

(Verw: K016) T10 – R222 801 tot R289 195 bruto salaris per jaar.
Kontrak: Drie jaar vaste termyn aanstelling

Vereistes: B.Bibl- of B graad met nagraadse LIS Diploma of B.Tech LIS of 'n soortgelyke vier jaar LIS graad met twee jaar ondervinding in 'n openbare biblioteek • Rekenaarvaardig (Word, Excel, Sigblaaie, Internet) • Kode B bestuurderslisensie • Vermoë om onafhanklik te funksioneer • Uitstekende interpersoonlike-, mondelingse en geskrewe kommunikasievaardighede • Biblioteekkennis • Toesighoudende- en Bestuursvaardighede • Eie vervoer sal 'n bykomende voordeel wees • Bereid om te reis • Ondervinding in 'n biblioteek inligtingsbestuurstelsel bv. SLIMS sal as 'n aanbeveling dien.
Pligte: Verskaf 'n effektiewe biblioteekdiens met professionele ondersteuningsfunksies • Skakel met gemeenskapsorganisasies en opvoedkundige instansies • Bemark vakansie- en uitreikprogramme • Voer roetine biblioteek- en administratiewe take uit • Bekom inligting en ondersteun biblioteekgebruikers • Hanteer biblioteekmateriaal as bates • Bestuur die biblioteek in lyn met voorgeskrewe beleide en prosedures.

*** Die Heidelberg Biblioteek bedien hoofsaaklik 'n Afrikaanssprekende gemeenskap. Die geskikte kandidaat moet of reeds Afrikaans magtig wees of instaat wees om vinnig Afrikaans te leer om suksesvol met kliënte en skoolkinders te kommunikeer.**

Die Munisipaliteit van Hessequa is 'n gelyke geleentheid werkgewer en moedig gestremdes, asook persone vanuit die voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings. Kandidate sal aan 'n praktiese toets onderwerp word.

'n Munisipale aansoekvorm, asook 'n CV is verpligtend. Slegs sertifikate / dokumente wat aan die minimum vereistes voldoen moet aangeheg word. (CV's en aansoekvorms van 4MB en groter kan nie via e-pos versend word nie.)

Volledig voltooide aansoekvorms moet aan Hessequa Munisipaliteit, Menslike Hulpbronbestuur, Posbus 29, Riversdal, 6670 of per e-pos aan applications@hessequa.gov.za of faks 086 518 7229 versend word. Onvolledige aansoeke sal lei tot diskwalifikasie. Ontvangs van aansoeke sal nie erken word nie en geen ondersteunende dokumentasie sal terugbesorg word nie. Vir enige navrae kontak me J Jansen by 028 713 7965.

Sluitingsdatum : 25 Julie 2019

Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Persone wie teen 31 Oktober 2019 geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar dat hul aansoek onsuksesvol was. Die Raad behou die reg voor om nie die vakatures te vul nie.